Silvertonkruin Gemeenskapskerk
Gewortel in Christus. Vernuwe deur die Gees.

**Liewe Silvertonkruin-gemeente**

## Gedagte vir die Week

**Wie sê julle is Ek?**

In **Matteus 16:13–20** vra Jesus vir sy dissipels ʼn eenvoudige, maar diep vraag: **"Maar julle – wie, sê julle, is Ek?"**

Dit is ʼn vraag wat nie net aan die dissipels van daardie tyd gerig is nie. Jesus vra dit ook vandag vir elkeen van ons. Ons kan maklik vertel wat ander mense van Jesus sê, maar uiteindelik vra Hy: **Wat glo jý? Wie is Jesus vir jóú?**

Petrus antwoord: **"U is die Christus, die Seun van die lewende God."** Sy antwoord wys op ʼn persoonlike geloof en erkenning van wie Jesus werklik is.

Mag ons hierdie week nie net oor Jesus praat nie, maar Hom al hoe beter leer ken, op Hom vertrou en Hom met ons hele lewe volg.

**Wie sê jy is Jesus?**

## Program vir die week:

- **Biduur –** Sondagoggend om 08:00

- **Sondagoggend se Erediens – 09:00**
  Jy word hartlik uitgenooi om Sondag saam met ons die Here te kom aanbid.
  **Ds Van Wyk Fischer** lei die erediens.
  **Matteus 16:13-20. "Wie sê julle is Ek?"**

  Kyk ook op youtube:
https://www.youtube.com/watch?v=kotgudysziw

- **Kategese – vind plaas tydens die oggend diens, direk na die Poppekas**

  **Kontak Suzette vir enige navrae: 083 718 8422**

- **Sondagaandgeselsgroep**
  Sondagaande; 17:30
  Kom leer en reis saam!

- **Seniors**
  Ons Seniors vergader weer Woensdag om 10:00 in die konsistorie

- **Pannekoek!**

  Deon se span bak saterdag. Baie dankie vir julle harde werk! Die span is Deon, Elna, Suzette, Tersia, Karin en Kotie. (Afwesig op die foto is Tersia en Karin)



📞 Vir navrae of om betrokke te raak, kontak asseblief:
**Wilna – 083 501 0451**

## Belangrike Datums op ons Gemeentekalender

- 1 tot 31 Augustus - Barmartigheidsmaand / Vrouemaand
- 23 Augustus – Bybelsondag
- 30 Augustus – Biddag vir Dowes

## Algemeen:

## GEMEENTEFEESNAWEEK – 5 & 6 SEPTEMBER!

Maak jou kalender oop en kry jou feesgees reg – ons Gemeentefeesnaweek is om die draai!

Ons is BAIE opgewonde oor 'n naweek van lekker kuier, lekker eet, lag, saamwees en natuurlik 'n hele klomp pret! Kom wees deel van die fees en bring die hele gesin saam!

🥘 SATERDAG 5 SEPTEMBER – 'N DAG VOL PRET!

Ons skop die naweek af met 'n heerlike dag van:

🏆 Potjiekoskompetisie
Bring jou beste pot, wys jou kookvernuf en kyk of jóú pot as die wenner gekroon gaan word!

🏃🏃 Boeresport vir oud en jonk
Kom lag, speel en wys ons wat jy nog in die mou het! Daar is pret vir die hele gesin.

🎶 Saamsing
Bring jou stem en kom sing saam!

😂 Lekker kuier en saamwees
Want wat is 'n gemeentefees sonder goeie mense, lekker gesels en baie lag?

### 🏡 SONDAG 6 SEPTEMBER – DANKBAARHEID

Ons sluit die feesnaweek op Sondag 6 September af met 'n besondere Dankbaarheidsdiens.

Kom vier saam met ons God se goedheid en trou en sê dankie vir alles wat Hy vir ons as gemeente beteken.

### 🙌 HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

Daar is baie maniere om deel te wees van die pret!

🥘 Kom bou 'n pot!
🏡 Word 'n gasvrou of gasheer!
🎉 Of kom kuier net saam!

As jy iets wil vra, wil bydra of graag by die feestelikhede wil help, kontak gerus vir **Nannie by 083 353 3800.**

### 🍲 EN DAN… DIE POTJIEKOS!

Jy kan reeds jou kaartjies koop vir 'n heerlike bord potjiekos – dalk die lekkerste potjiekos wat jy nog ooit geëet het! 😋

Volwassenes: R80
Kinders: R40

Kaartjies is beskikbaar by **Doortjie in die kantoor: 079 162 1443.**

Jy kan kontant, per EFT of met die kaartmasjien betaal.

### ❤️ KOM FEES SAAM!

Ons sien ongelooflik baie uit daarna om as gemeente saam te kuier, lekker te lag, saam te eet, saam te speel en sommer net die dag saam te geniet!

Moenie hierdie een misloop nie! Bring jou familie, nooi 'n vriend en kom deel in die pret! 🎉

Ons sien uit om JOU daar te hê! 🥳❤️

## Het jy geweet?

1. **Dawid was nie net 'n vegter nie – hy was 'n begaafde musikant.**
   Dawid is spesifiek na koning Saul se paleis gebring omdat hy **mooi op die lier kon speel**. Sy musiek het Saul kalmeer wanneer 'n donker gees hom geteister het (1 Samuel 16:14–23). Die groot koning wat ons as 'n krygsman ken, was dus ook 'n sensitiewe musikant en digter.
2. **Dawid het sewe en 'n half jaar lank net oor Juda regeer voordat hy koning oor die hele Israel geword het.**

Ná Saul se dood is Dawid in Hebron as koning oor Juda gesalf. Hy het daar **7 jaar en 6 maande** regeer. Eers daarna het al die stamme van Israel hom as koning aanvaar (2 Samuel 2:4; 5:3–5). Sy pad na die volle koningskap was dus baie stadiger as wat ons soms besef.

3. **Dawid het ’n besondere verbintenis met Saul se familie behou.**
   Ten spyte van Saul se herhaalde pogings om hom dood te maak, het Dawid later **Mefiboset**, Saul se kleinseun en Jonatan se seun, aan sy tafel laat eet. Hy het vir hom Saul se grond teruggegee en gesê dat Mefiboset voortaan **altyd aan die koning se tafel** sou eet (2 Samuel 9). Dit is ’n merkwaardige voorbeeld van Dawid se lojaliteit aan sy vriendskap met Jonatan en sy bereidheid om genade te betoon.

**’n Vierde bonusfeit:** Dawid het volgens 1 Kronieke 28:11–19 nie net die tempel beplan nie – hy het selfs **baie van die ontwerp en organisasie daarvan voorberei**, hoewel dit sy seun Salomo was wat uiteindelik die tempel gebou het.

## Nuusbrokkie:

### “Revival Sweeps Through Indian Region Notorious for Trafficking A youth-led movement of big events and informal meetups has met drug use, despair, and disenchantment with faith.”

**’n Geestelike herlewing versprei deur ’n Indiese streek wat berug is vir dwelmhandel.**

*’n Beweging, gelei deur jongmense, met groot byeenkomste en informele ontmoetings, bring hoop te midde van dwelmgebruik, wanhoop en ’n vervreemding van geloof.*



**Jongmense ontdek Jesus opnuut**

In **Ziro, ’n bergdorpie in die noordooste van Indië**, is daar ’n besondere beweging onder jongmense aan die gang. In April het byna **1 000 jongmense** bymekaargekom vir *Awakening Ziro*, waar ongeveer 30 mense vorentoe gegaan het om hulle lewens opnuut aan Christus toe te wy.

Wat hierdie verhaal besonders maak, is dat baie van hierdie jongmense voorheen met **alkohol-, dwelm- en ander verslawings** geworstel het. Deur kleiner gebedsgroepe, jeugbyeenkomste en vriendskappe het hulle ’n plek gevind waar hulle oor hulle stryd, geloof, verhoudings en toekoms kon praat.

**’n Jongman se verhaal**

Een van hulle is **23-jarige Buru Tamang**. Nadat sy pa oorlede is, het hy as tiener in verkeerde kringe beland en begin rook, drink en dagga gebruik. Hy het later selfs heroïen en opium verkoop om sy eie verslawing te finansier. Hy is verskeie kere deur die polisie gearresteer.

In September 2023, tydens sy vyfde arrestasie vir dwelmbesit, het hy besef dat hy nie meer so kon aangaan nie. In die tronk kon hy skaars bid. Al wat hy kon uitkry, was ’n eenvoudige gebed dat sy ma vir hom sou bid omdat hy nie meer hierdie lewe wou leef nie.

’n Jaar later het vriende hom na ’n jeugbyeenkoms genooi. Hy het daar aangekom terwyl hy nog onder die invloed van alkohol was en selfs alkohol in sy sak versteek. Tydens gebed het die pastor, **Mudung Tubin**, vir hom gebid en hom die hande opgelê.

Volgens Buru was dit ’n keerpunt in sy lewe. Hy het daarna sy verslawings agtergelaat en sê hy het ’n nuwe vryheid in Christus gevind.

## Toets jou Kennis:

### Koning Dawid

1. Wat was Dawid se pa se naam?
2. Hoeveel van Isai se seuns is aanvanklik deur Samuel voorgebring voordat Dawid geroep is?
3. Wat het Dawid gedoen toe hy die leeu en beer wat sy pa se skape aangeval het, teëgekom het?
4. Watter musiekinstrument het Dawid vir Saul gespeel om hom te kalmeer?
5. Dawid het ná Saul se dood aanvanklik net oor watter deel van Israel regeer?
6. Wie was Mefiboset?
7. Watter een van Dawid se seuns het teen hom in opstand gekom en Jerusalem ingeneem?
8. Wie het Dawid gestraf en gekonfronteer nadat hy met Batseba gesondig het?
9. Waarom kon Dawid nie self die tempel bou nie?
10. BONUS – VIR DIE REGTIG SLIMMES!
    Dawid het tydens sy vlug vir Absalom ’n man ontmoet wat hom gevloek het. Wie was hierdie man?

## Deel jou bydrae in ons E-nuus

Ons moedig graag ons gemeente aan om deel te neem aan die inhoud van ons E-nuus. Indien jy enige nuus, getuienis, bemoedigende boodskap of kort stukkie wil deel, is jy baie welkom om dit vir ons aan te stuur.

Jy kan jou bydraes enige tyd rig aan **Doret** by: **admin@silvertonkruin.com**

Ons sien uit daarna om julle stories, getuienisse en hart vir die Here met die res van die gemeente te deel. Saam bou ons mekaar op en getuig ons van God se goedheid in ons midde.

## GEMEENTE WHATSAPP-GROEP

Indien jy graag op hierdie WhatsApp-groep wil wees, kontak asseblief vir Doret. 079 162 1443

## KERK SE KONTAKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| E-pos: | admin@silvertonkruin.com |
| Telefoonnommer: | 079 162 1443 |
| Kantoorure: | Maandae tot Donderdae – 07:00 tot 14:00 |
| | Sondae 8:00 tot 11:00 |

Liefde en seën uit die Kerkkantoor